



DANKFEES

teks: Hebreërs 13:1-8, 15-16 | Rusteloos tevrede

"Die gedeeltes van die Bybel wat ek nie verstaan nie pla my nie regtig nie; dit is die gedeeltes wat ek wel verstaan wat my pla."

Mark Twain. Hebreërs 13 is so 'n gedeelte. Die skrywer praat hier glashelder oor dit wat van ons as Christene verwag word. Kan dit so eenvoudig wees dat deur hierdie soort liefde te beoefen (omgee vir mense wat naby en vêr van ons staan, gasvryheid, getrouheid in ons huwelike en 'n afsku in liefde vir geld) ons God se wêreld mooier maak? Kan dit regtig 'n verskil maak in ons wantrouige wêreld waar mense toenemend huiwerig is om hul liefde en lewensmiddele te deel?

"Shake & Stir"

Meeste van ons het seker al 'n 007 James Bond fliëk gesien. Blykbaar is die manier hoe 'n Martini gedrink moes word om dit net versigtig te roer; nie te skud nie. Maar tipies Bond het hy sy eie reëls: "Shaken, not stirred!"

Leonard Sweet maak die opmerking dat daar in Hebreërs 'n groot kontras is tussen die magtige kosmiese daad van God (**shake**), en ons daad van gehoorsaamheid (**stir**). Ons lees in hoofstuk 12 van God wat die hemel en aarde laat bewe (**shake**) deur sy magtige teenwoordigheid; dat God op die ou end finaal die wêreld se fondasies gaan skud, en

dit eindig in vers 29 met die sterk stelling: Ons God is 'n verterende vuur!

Met die eerste oogopslag is hoofstuk 13 half uit plek as ons terugdink aan die kosmiese krag van God. Dit klink amper soos 'n nagedagte; soos 'n inkopielys van goeie daad waarmee Jesus se dissipels hulle moet besig hou. God het dan reeds deur die liefdesoffer van Jesus Christus die volledige prys betaal, en daarmee die hele skepping vernuwe/ge-'**shake**'! Ons kan nie en hoef nie te doen wat God reeds gedoen het en nog gaan doen nie. Maak dit regtig saak wat ons doen en nie doen nie? Die antwoord is natuurlik ja - dit maak saak; dit maak baie saak! Ons '**stir**' op grond van God se '**shake**'; ons '**stir**' is net 'n rimpeling van die groot '**shake**'. Ons liefdes-'**stir**' is allesbehalwe soetsappig; dit is waagmoedig en sonder dit is ons wêreld stadig oppad na nêrens!

Rustelose tevredenheid

God **shake**, ons **stir**... Wanneer ons in Jesus vasloop, en agter Hom aan begin leef, leer ken ons ware diep, innerlike vrede - dat ek my vrede vind in die wete dat ek geliefd is, genoeg is en kan liefhê. God ontmoet my waar ek is, nie waar ek moet wees nie, en dit is die '**shake**' van God in my lewe: "The courage to be is the courage to accept oneself as accepted in spite of being unacceptable" Paul Tillich.

Maar dit is 'n vreemde soort vrede. Dit maak my rusteloos tevrede; amper 'n heilige onvrede wat nie anders kan as om te *stir* op grond van God se kosmiese liefdes-*shake* nie. Die vraag is natuurlik hoe lyk ons '*stir*'? Lyk my en jou liefde na iets? Hoe lyk die sirkels van insluiting wat ons trek? Of is ons bietjie moedeloos en afgestomp? Ly ons aan compassion fatigued?

Stir ons die aanvaarde norm dat die woord familie net gaan oor bloedbande? Watter roeringe veroorsaak ons met ons gasvryheid, maw ons oopmaak teenoor dié mense wat nie eintlik ons pad kruis as ons hulle nie gaan opsoek nie (Grieks:*filozenia*-liefde vir vreemdelinge). Hoe *stir* ons met ons integriteit en getrouheid? Is ons landswette ons enigste maatstaf, of is daar 'n dieper getrouheid aan God en mekaar wat ons 'n aversie gee in gulsigheid en ons hande oopmaak omdat God oorgenoeg gee? Hoe waagmoedig is ons liefde?

Solzhenitsyn: "The line separating good and evil passes not through states, nor between classes, nor between political parties or religions, but right through every human heart"

Besig of gejaagd?

Rustelose tevredenheid skep diep vrede, maar dit maak jou nie oneffektief nie. Liefde vir God en mekaar maak ons *besig* maar nie *gejaagd* nie! Daar is 'n gesegde in Zoeloe wat sê: "Wanneer jy in 'n doring trap, moet jou hele liggaam tot stilstand kom om dit uit te trek." Anders as *gejaagde* mense kan *besige* mense hul dagboek aanpas by die *omgee*-onderbrekings van die lewe. Gejaagde mense werk vir die Here; besige mense lééf vir die Here. Gejaagde mense verstaan hulle lewe in terme van take wat vir die Here afgehandel moet word. Besige mense word egter gemotiveer vanuit 'n diep innerlike oortuiging van God se liefde vir hulle.

Dankbaarheid teenoor Hom, nie plig nie, dryf hulle aan. Gejaagde mense sit opgeskeep met baie skuldgevoelens oor alles wat hulle nog moet doen - hulle probeer alles vir almal raak en is op die ou end niks vir niemand. Besige mense het groot vryheid in Christus. Hulle probeer nie alles vir almal wees nie.

Vir sommige gejaagde Christene is God 'n beginsel; iets wat mens 'n houvas op kan kry. Besige Christene kies 'n verhoudingspad: Jesus het nie sy moordenaars vergewe uit beginsel nie, maar omdat Hy op een of ander onverstaanbare manier dit reggekry het om hul *lief* te hê en dieselfde van ons vra.

Entrepreneurs van hoop

Die liefde waarvan Hebr 13 praat wys vir ons die pad: om nie versigtig nie, maar waagmoedig te leef en soos entrepreneurs risiko's te neem met ons liefde waar ander net slaggate sien; om te eksperimenteer, foute te maak en die weg te baan sodat ander ook kan volg.

God vra nie die onmoontlike van ons nie; Hy vra nie dat ons die Koninkryk moet laat kom nie. Dit is God se werk om te *shake*. Ons lewe is gebou op Christus (ons vaste Rots) en geen *shaking* wat ons sien in die wêreld gaan dit laat verkrummel nie. Ons word geroep om te *stir*.

Om oor na te dink en te gesels:

- Watter van die liefdesopdragte in Hebr 13 praat die hardste met jou?
- Wat steel op die oomblik jou vrede en/of vreugde?
- Lees weer die Zoeloe-gesegde: Hoe laat jy toe dat omgee vir ander jou dagboek onderbreek?
- Waarheen stuur die Here jou? Waar dink jy moet jy *stir*?